LAERSKOOL

CHARLO

PRIMARY

Liewe Ouer en Gr 7 leerder

Uiteindelik het die tyd aangebreek vir ons Gr 7's om terug te keer skool toe. Vier van ons 63 leerders se ouers het aangedui dat hul verkies dat hul kinders nog n rukkie langer vanaf die huis moet werk. Laerskool Charlo respekteer hierdie besluit en gaan hulle steeds ondersteun met huiswerk, soos uiteengesit in die vorige brief.

Ons het egter n amptelike skrywe van die Departement van Onderwys ontvang, waarin hulle sê dat dit steeds onwettig is vir n ouer om sy kind tuis te hou indien hy nie aan n spesifieke mediese toestand ly nie. Die Departement het ook n vorm aangeheg wat hierdie 4 ouers moet voltooi om aansoek te doen om hul kind (gedeeltelik) kwyt te skeld van verpligte skool. Die Gr 7 personeel van Laerskool Charlo is bereid om hierdie 4 ouers te help om die aansoek te voltooi**.**

Ons motivering vir die besluit is dat 2 van die 4 leerders gebruik maak van openbare vervoer en die ouers is onrustig daaroor. Die ander, alhoewel die kind self nie aan n mediese toestand ly nie, het iemand in die huis wat n hoë risiko geval is, of die ouer werk in 'n professie waar daar n hoë risiko is. Ons voel dus dat die ouers geldige redes het om hulle kinders tuis te hou en daarom sal ons voortgaan om hul tuis te ondersteun.

Baie dankie vir die vertroue wat u as ouer in ons skool stel.

Groete

A Daniell

MILES ROAD, CHARLO, PORT ELIZABETH. PO BOX 5393, WALMER, 6070. TEL: 041 367 1172
Email: info@charlo.co.za www.charlo.co.za